DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**13 OKTOBER 2019**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Tes 1: 1 - 10

**Tema** Ons is 'n mimiek kerk

Psalm 2: 4
Psalm 33: 2, 10
Skrifberyming 12-3
Psalm 118: 9, 10
Psalm 9: 9, 10, 12
Psalm 31: 15, 17, 19

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

God het ons uitverkies. Dit is die fondament waarop ons staan. Wat is die gevolg? Ons is volgelinge. Die woord is in Grieks dieselfde woord waar ons woord mimiek vandaan kom. Dit is om met allerhande gebare en bewegings iets of iemand na te maak of uit te beeld. Ons moet Jesus se navolgers wees. Ons moet Hom oral uitbeeld. Wat is die inhoud: Doen soos Hy doen, Sy liefde vir ons, Sy gehoorsaamheid aan die Vader, Sy nederigheid, Sy diensbaarheid en opoffering. Maw: dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar in Christus Jesus was - Fil 2: 6. Voorbeelde vir mekaar.



# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **13 Oktober** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Bystandsfonds Diakonie |



## KATKISASIE

Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 13 OKT 2019

**Diensbeurt:** Wyk D4

**Katkisasie:** Graad 4

**Ouderling:** Braam Schutte

**Diaken:** Niekie van der Walt

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **13 Oktober** | Annemie de Klerk | P3 | **20 Oktober** | Liza Semet | P3 |
| | Corli Hattingh | P3 | | Linamari Slabbert | P3 |
| | Daleen Hoogendyk | P3 | | Margi Slabbert | P3 |
| | Marlene Hoogendyk | P3 | | Wiekie van Ree | P4 |
| | Elna Pienaar | P3 | | Annelize van Tonder | P4 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## ALMANAK 2020

Almanak 2020 is nou beskikbaar vir bestelling. Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord vir bestelling. Almanak 2020 se kostes is R90.



# OOG VIR MEKAAR

- Cecelia Greyling stry nog haar stryd teen die kanker. Ons gebede is met hulle en dan in besonder met Frikkie wat haar moet bystaan.
- Hester vd Merwe is weer tuis na haar operasie. Ons bede is dat die pyn nou sal verminder.
- Billie Odendaal was die afgelope week in die hospitaal. Ons dink in ons gebede aan hom en Lizzie.



- Ons bid dat Annaleen Grobler se nekoperasie 'n sukses sal wees. Sterkte vir haar en Gert.
- Ons bid dat Harriet Kruger se knievervanging DV more oggend goed sal afloop. Sterkte vir jou en Marius.
- Hennie Oelofse se bene het 'n brandpyn na die bestraling en hy kry met tye baie swaar. Ons bid vir hom en Julie.
- Johan van Biljon is beter na die behandeling. Ons is dankbaar saam met hom en Annemarie.
- Ons gebede is steeds met Heidi en Lukas de Villiers. Die genesing van die wond is 'n tydsame proses.
- Ons bid vir almal wat tans siek is. Ons bede is dat ons Vader julle sal versterk. Ons is saam met julle dankbaar waar daar beterskap is.
- Daar is nie ‘n aanddiens vanaand nie, daar sal Ouderlingetoerusting wees. Ons wil graag al die ouderlinge daar sien.

## BEDIENINGSBRIEF

Gal 5: 25 – Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

Ons innige meelewing met elke gesin wat ‘n geliefde aan die dood afgestaan het die afgelope 2 maande. Ons gemeente bid julle die troos van die Here toe.

Een van ons doelwitte is die volgende: Om gelowiges in die geloof te laat groei, sodat die gemeente met vreugde kan lewe en met liefde kan dien vanuit ons geloofsverbintenis met Jesus Christus ons Hoof. Die jaar is amper verby en ons is reeds besig met die beplanning vir volgende jaar. Ons kyk na ons totale kommunikasie-strategie: webtuiste, afkondigings, Gemeentebrief ens. Die Kerkraad wil biddend luister na wat die Here wil. Ons dank aan elkeen wat reeds hulle gawes binne die gemeente beoefen. Daar word jaarliks begroot vir uitgawes deur die verskillende kommissies / diensgroepe binne die gemeente. Hierdie fondse kom uit dankofferbydraes. Die gemeente se vaste verpligtinge word eerste nagekom. Ons dank moet aan die Finanskommissie gaan wat uitgawes beperk, sodat ons binne ons huidige vermoë bly. Die onderhoud aan die Bendorpastorie was nodig om struktuurskade te beperk. Die Here seën ons gemeente, want ons is in staat om weer ‘n Teologiese student te onderhou.

Help ons om ons Missie te vervul.

Ons wil nie vir gemeentelede wat getrou bydra vra om meer te gee nie, maar wil opreg vra of die persentasie wat nie bydra nie, nie ook wil help om ons kommissies

soos oa die Trokbediening, die jeug, die Ystertjieaksie en die Koningskinders in staat te stel om optimaal te funksioneer nie. Ons benodig lidmate wat kan help met kos maak en vervoer. Alles behoort aan die Here (Ps 24). Ons is as rentmeesters oor Sy skepping geroep en dit beteken dat ons God se eienaarskap en heerskappy deur ons optrede erken. Die ontvanger van die dankoffer is die kerk hier op aarde, en dit word aangewend om die Koninkryk in stand te hou en uit te brei. So beoefen ons as Christene ons rentmeesterskap.

Al die kommissies se name is beskikbaar as u u gawes beskikbaar wil stel om diensbaar te wees om ander by te staan en met sekere aspekte van die bediening te help. U hoef nie deel van ‘n kommissie te wees om te help nie.

Mag die Here ons seën in die laaste kwart van 2019.

## KERSSANGDIENS-24 NOVEMBER OM 18:00



Ons wil die kinders van ons gemeente by ons Kerssangdiens betrek. Ons gaan slegs drie Kersliedere aanleer, op Sondae-middae om 17:00.

Vandag is die tweede oefening, bring asb u kind, al is dit die eerste keer. Hulle geniet die saamsing en daar is slegs 'n paar geleenthede om te oefen. Na elke oefening is daar 'n verrassing vir almal!

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. - 13 Okt. | Stephan Pienaar | D | 082 419 8882 |
| Ma. – 14 Okt. | Johan Bester<br>Hennie Lourens<br>Zelke Roux | B<br>B<br>D | 079 500 8811<br>078 377 9216<br>082 469 4341 |
| Di. - 15 Okt. | Chris Nel<br>Martin O’Reilly<br>Kian Schutte | B<br>D<br>D | 083 537 8876<br>082 554 2288<br>083 750 7787 |
| Wo.– 16 Okt. | Rhuné Stander<br>Hannes vd Walt * | D<br>B | 082 477 8009<br>084 602 4057 |
| Do. - 17 Okt. | Ina Buys<br>Valerie O’Reilly | B<br>B | 071 171 5635<br>072 943 0973 |
| Vr. - 18 Okt. | Gideon Hoogendyk | D | 082 695 0799 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 14 Okt. 2006 | Nadia & Johan Kotze | 13 | 082 398 0114<br>083 422 2073 |
| 14 Okt. 2000 | Peter & Valerie O’Reilly | 19 | 082 421 6982<br>072 943 0973 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor**<br>Faksnommer | Elzánne Botha<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*" Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het,"*

*1 Tessalonisense 1:4*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS